Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 464

O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou…

Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!

Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes.
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.
O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, u kind.

Woorddiens

Tema: Om met wysheid te loop

Skriflesing: Efesiers 5:51-58

"We can reject everything else: religion, ideology, all received wisdom. But we cannot escape the necessity of love and compassion.... This, then, is my true religion, my simple faith. In this sense, there is no need
for temple or church, for mosque or synagogue, no need for complicated philosophy, doctrine or dogma. Our own heart, our own mind, is the temple. The doctrine is compassion. Love for others and respect for their rights and dignity, no matter who or what they are: ultimately these are all we need. So long as we practice these in our daily lives, then no matter if we are learned or unlearned, whether we believe in Buddha or God, or follow some other religion or none at all, as long as we have compassion for others and conduct ourselves with restraint out of a sense of responsibility, there is no doubt we will be happy."
– Dalai Lama XIV

Broodjies vir die pad

"I believe that what we become depends on what our fathers teach us at odd moments, when they aren't trying to teach us. We are formed by little scraps of wisdom."
— Umberto Eco, Foucault's Pendulum

'Aartappelfliek': Bestanddele vir onvergeetlike storie

Karla Janse van Vuuren

The Guernsey Literary

Potato Peel Pie Society

*****

Die titel van dié fliek is 'n mondvol, maar as jy dit eers gesien het, vergeet jy dit nie – en jy gaan al jou medefliekvlooie aanmoedig om dit ook te beleef.

Dit is een van die onvergeetlikste flieks wat ek in 'n lang tyd gesien het. Dit het al die regte bestanddele: literatuur, geskiedenis, romanse, 'n Britse agtergrond, en Michiel Huisman (ek het hom die eerste keer in The Age of Adaline gesien en was dadelik 'n aanhanger).

Die fliek is gegrond op die gelyknamige boek deur Mary Ann Shaffer en Annie Barrows, wat in 2008 verskyn het. Dit speel af op die eiland Guernsey in 1946 terwyl die wonde van die Tweede Wêreldoorlog nog baie rou is. Guernsey is deur die Duitsers beset en die inwoners het erg onder hulle deurgeloop.

Juliet Ashton (Lily James) is 'n Londense skrywer wat weer 'n tuiste soek nadat Duitse bomme haar woonstel vernietig het.

Sy begin 'n briefwisseling met Dawsey Adams (Huisman), 'n varkboer op Guernsey wat haar naam en adres voorin 'n tweedehandse boek gekry het. Haar belangstelling word so geprikkel deur sy stories van die boekklub waaraan hy behoort en hul ervaringe tydens die oorlog dat sy koers kies soontoe.

Hier ontmoet sy uiteenlopende karakters, van die bejaarde posmeester Eben Ramsey (Tom Courtenay) wat sy weeskleinseun grootmaak, tot die eksentrieke jenewerstoker Isola Pribby (Katherine Parkinson).

Juliet kry 'n missie: om uit te vind wat met die boekklub se stigter, Elizabeth McKenna (Jessica Brown Findlay) tydens die oorlog gebeur het, en in die proses raak sy al hoe nader aan Adams en die dogtertjie in sy sorg. Maar in die agtergrond is haar Amerikaanse kêrel, Mark Reynolds (Glen Powell), en haar "regte" lewe in Londen . . .

The Guernsey Literary and Potato Peel Pie Society is 'n moet-sien fliek. Dit gaan jou laat lag, en beslis laat huil. Ek het reguit by die teater uitgeloop in die naaste boekwinkel om die boek te koop net sodat ek die magic van die fliek weer in die blaaie van die boek kan beleef.

Regie: Mike Newell. Tydsduur: 124 minute. Ouderdomsperk: OL13.

https://www.netwerk24.com/Vermaak/Flieks/aartappelfliek-bestanddele-vir-onvergeetlike-storie-20180810

"By three methods we may learn wisdom: First, by reflection, which is noblest; Second, by imitation, which is easiest; and third by experience, which is the bitterest."
— Confucius

"No man can reveal to you aught but that which already lies half asleep in the dawning of your knowledge.
The teacher who walks in the shadow of the temple, among his followers, gives not of his wisdom but rather of his faith and his lovingness.
If he is indeed wise he does not bid you enter the house of his wisdom, but rather leads you to the threshold of your own mind."
— Kahlil Gibran, The Prophet

"Yesterday I was clever, so I wanted to change the world. Today I am wise, so I am changing myself."
— Rumi

Brood vir die pad

Vrou Wysheid rig 'n uitnodiging na die fees van lewe

'Ken is nie kan nie, kán is herhaal."

"As jy dink jy is klaar met jou werk, dan is jy halfpad."

Hierdie is 'n paar van die wyshede van een van my gunsteling-onderwyseresse op hoërskool wat my deur die jare bygebly het.

My ma, op haar beurt, sou op 'n meer direkte wyse uit die Bybel aanhaal om ons tot harder werk te probeer aanspoor: "Gaan na die mier, luiaard, kyk na sy weë en word wys" (Spreuke 6:6).

In die Spreuke-boek vind ons nie net talle wyshede nie (wat deur die eeue tot stigting en misbruik gelei het), maar word Wysheid self as 'n persoon uitgebeeld.

So byvoorbeeld lees ons in Spreuke 9 van Vrou Wys-heid wat vir haar 'n huis met sewe klippilare bou. Duidelik ken sy van hard werk. Sy weet ook van vee slag en wyn meng (Spreuke 9:2). Sy is egter nie net 'n bouer, slagter en wynmaker nie.

Ons lees boonop van haar as bekwame gasvrou wat haar tafel dek.

En dan weerklink haar openbare uitnodiging van die hoogtes af: "Kom eet by my, kom drink van die wyn wat ek reggesit het! Neem afskeid dat julle kan lewe" (Spreuke 9:5-6).

Anders as Vrou Dwaasheid wat mense roep tot 'n pad wat na die dood lei (vgl. Spreuke 9:10-18), is Vrou Wysheid se uitnodiging 'n uitnodiging tot insig, feestelikheid en oorvloedige lewe.

Om aan hierdie oproep gehoor te gee is om die lewe te kies.

Die teoloog Elizabeth Johnson skryf in haar boek *She Who Is: The Mystery of God in Feminist Theological Discourse* só oor die figuur Wysheid in die Spreuke-boek: "She is a beneficent, right-ordering power in whom God delights and by whom God creates: Her constant efforts are to lure human beings to life."

Hierdie beeld van Vrou Wysheid wat mense na die lewe nooi, resoneer sterk met die talle ander plekke in die Bybel waar God as 'n gasvrye God uitgebeeld word wat mense uitnooi na 'n feesmaal wat in die teken van oorvloed staan (vgl. Jesaja 25).

En in die gelykenisse en uitsprake van Jesus klink ook telkens die uitnodiging na feestelikheid en oorvloedige lewe.

Dit mag ook wees dat ons in die figuur van Wysheid, wat in die Spreuke-boek aan ons voorgehou word, eienskappe raaksien wat ons aan ander vroue herinner – dalk 'n onderwyseres, 'n ma of ouma, 'n familielid, 'n vriendin, 'n kollega of 'n openbare rolmodel. Vroue wat deur hul wyse raad, vaardige vindingrykheid en gasvrye sorg die uitnodiging tot lewe en feestelikheid vergestalt. – RRV

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/vrou-wysheid-rig-n-uitnodiging-na-die-fees-van-lewe-20180810

"If we think only of ourselves, forget about other people, then our minds occupy very small area. Inside that small area, even tiny problem appears very big. But the moment you develop a sense of concern for others, you realize that, just like ourselves, they also want happiness; they also want satisfaction. When you have this sense of concern, your mind automatically widens. At this point, your own problems, even big problems, will not be so significant. The result? Big increase in peace of mind. So, if you think only of yourself, only your own happiness, the result is actually less happiness. You get more anxiety, more fear."
— Dalai Lama XIV, The Wisdom of Forgiveness

"All truly wise thoughts have been thought already thousands of times; but to make them truly ours, we must think them over again honestly, until they take root in our personal experience."
— Johann Wolfgang von Goethe

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877